# Kingswood College
# Departement Afrikaans

## Graad 12 – Begriplees & Opsomming


### TOETSOMSTANDIGHEDE
(LU 4)(AS'e 4.1; 4.2; 4.3; 4.4)

**[30 + 10 = 40 punte] [Verwerk na 30 punte]**

**Eksaminator:** Mnr. D. Koen
**Moderators:** Mnr. T. Scholtz, me. M. Muller en me. T. Bakkes

**Instruksies**:

1. Beantwoord **ALLE** vrae soos versoek.
2. Skryf asseblief netjies en leesbaar.
3. Sterkte!



**(Blaai asseblief om)**

## **Vraag 1 – Begriplees**

**Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek.**

# ***Deur 'n loergaatjie***

Hy het onmiddellik 'n goeie argument – sy het die deur oopgemaak.

Die man is jonk en vriendelik en staan half terug. Hy glimlag en begin vinnig praat. "Nee kyk," sê hy. "Dis onveilig om die deur vir enigiemand oop te maak. Hoe weet jy wie staan hier as jy sommer net oopmaak?" Sy kan nie stry nie. Sy het immers die deur oopgemaak sonder dat sy geweet het wie klop.

"Al wat jy nodig het, is 'n loergaatjie," sê hy. "Vinnig, veilig, goedkoop. Jy sit dit in die deur en dan kan jy sien wat buite aangaan." Hy is nou behoorlik op dreef, terwyl sy hande saampraat. Sy kan nie anders as om te glimlag vir die byna kinderlike entoesiasme nie. Hy is los hande die beste verkoopsman wat sy nog gesien het. Hy hou nie op met praat nie.

"By hierdie kant kyk 'n mens in. 'n Ou kan langs die deur staan of onder die deur gebukkend sit, en jy sal hom sien. Jy kan omtrent die hele wêreld voor jou sien. Dis 'n baie goeie belegging. Dis die veiligste so. As jy die persoon nie ken nie, maak jy nie oop nie, anders kan jy miskien in 'n lelike penarie beland. Dit kos omtrent niks, veral as 'n mens dink hoe baie dit op die ou einde kan beteken."

"Goed, ek hoor. Hoeveel kos dit?" vra sy. "Twintig rand," sê hy. "As jy dit by die winkel gaan koop, kos dit jou maklik dertig, veertig rand."

"Goed," sê sy, "maar hoe installeer ek die ding?" "Dis so eenvoudig," antwoord hy. "'n Mens boor net 'n gaatjie op ooghoogte..." "Maar ek het nie 'n boor nie."

Hy bly 'n oomblik stil. Sy houding sê dis tog vanselfsprekend. "Ek sit hom mos self in! Dis waarvoor ek hier is. Dis ingesluit by die prys!"

Hy krap in sy gereedskapskissie, haal 'n boor uit en begin behendig draai. "Sien?" vra hy. "Eenvoudig, nè? Nou kom dié deel van buite af deur, en dié kant draai ek van binne af vas ... Ekskuus, kan ek net gou inkom om dit te doen?"

Hy gee drie, vier draaie. Hy het opgehou praat. Sy hoor hom asemhaal. Eers toe hy omdraai, besef sy hy is by haar in die huis. Hy hou die boorpunt vlak teen haar keel ...

**Deur André le Roux ('n verwerking)**

1.1.1 Haal **drie opeenvolgende** woorde aan wat aantoon dat die verkoopsman al makliker en vinniger gepraat het. (1)

**(Blaai asseblief om)**

1.1.2 Haal **vier opeenvolgende** woorde aan wat aantoon dat jy in die pekel kan beland as jy die deur vir onbekendes oopmaak. (1)

1.1.3 Haal **een woord** aan wat dieselfde beteken as **dit is tog duidelik**. (1)

1.2 Kies elke keer die korrekte antwoord en **skryf net die nommer en antwoord** neer.

1.2.1 *'n Gereedskapskissie* is:

a) 'n kissie wat jy altyd gereed hou.

b) 'n kissie wat jy gereeld nodig het.

c) 'n kissie waarin 'n ambagsman sy goed hou. (1)

1.2.2 *Los hande die beste verkoopsman* beteken:

a) die verkoopsman gebruik sy hande as hy praat.

b) hy is die heel beste verkoopsman.

c) die verkoopsman werk met sy hande. (1)

1.2.3 *Kinderlike entoesiasme* beteken:

a) hy is kinderagtig.

b) hy raak so opgewonde soos 'n kind.

c) hy is kinds as gevolg van sy entoesiasme. (1)

1.3 Sê of die volgende stellings **waar of onwaar** is en **haal elke keer 'n gedeelte uit die stuk aan** om jou antwoord te staaf.

1.3.1. Die man het dadelik 'n goeie rede gehad om haar te oortuig om 'n loergaatjie te laat installeer. (2)

1.3.1 Hierdie verkoopsman het van die begin af soos 'n skelm gelyk. (2)

1.3.3. Die verkoopsman het haar gewaarsku om nie die deur vir almal oop te maak nie. (2)

1.4 Beantwoord die volgende vrae in **volsinne** en so ver moontlik **in jou eie woorde.**

1.4.1 Watter fout het die vrou in die verhaal begaan? (1)

1.4.2. Wat is 'n loergaatjie en waarvoor word dit gebruik? (2)

1.4.3. Hoekom sê hy in **paragraaf 4** dat 'n loergaatjie 'n baie goeie belegging is? (1)

**[16]**

================================================================

**(Blaai asseblief om)**

**Vraag 2 – Advertensie**

# AFRIKAANS
# ’n Reënboogtaal in ’n reënboogland

1 Suid-Afrika is ’n nasie van verskillende kulture en tale, waarvan Afrikaans een is. Dis ’n **unieke Suid-Afrikaanse** taal met unieke Afrika-eienskappe wat sy Europese, Afrika- en Oosterse historiese oorsprong weerspieël. Vandag word Afrikaans deur 15 miljoen mense van **’n verskeidenheid kulture** gepraat. Afrikaans se woordeskat en groeiende letterkunde bied ’n tuiste aan hierdie mense.

2 **Indien JY die breëre gemeenskap op ’n daaglikse basis wil dien, veral in een van onderstaande beroepe:**

*Onderwys* *Joernalistiek* *Vertaling*

*Regte* *Sakebedryf*

*Personeelbestuur* *Publikasiewese* *Diplomatieke Diens*

**... kies AFRIKAANS aan die Universiteit van KwaZulu-Natal (Durban-kampus).**

3
- Klein klassies.
- Daar word vir tweedetaalstudente voorsiening gemaak.
- Finansiële ondersteuning is beskikbaar.
- Vakansiewerk in Afrikaanse firmas.
- Uitruil-programme met Holland en België.

UNIVERSITY OF
KWAZULU-NATAL

As jy wil deel word van die opwindende wêreld van Afrikaans, kontak ons.
**Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban 4041.**

**Tel. (031) 260-2382 / Faks (031) 260-2409 / E-pos A. Visagie@ukzn.ac.za**

2.1 Vir watter **loopbane** is ’n kennis van Afrikaans nuttig? **Noem twee**. (2)

2.2 Hoeveel mense kan Afrikaans praat? (**slegs die getal**) (1)

**(Blaai asseblief om)**

2.3 **Kies die korrekte antwoord** vir die onderstaande vrae en skryf slegs die **LETTER** neer.

2.3.1 "'n unieke Suid-Afrikaanse taal" (**par. 1**) impliseer dat Afrikaans...

a) buitengewoon is.
b) interessant is.
c) amusant is.
d) maklik is. (1)

2.3.2 Hierdie advertensie is in die eerste plek gemik op ...

a) voornemende studente.
b) taalspesialiste.
c) werksoekers.
d) toekomstige reisigers. (1)

2.3.3 Die subtitel impliseer dat Afrikaans ...

a) 'n baie eksklusiewe taal is.
b) almal kan help kommunikeer.
c) mense 'n beroep kan help kies.
d) mense oorsee kan laat reis. (1)

2.4 Sê telkens of onderstaande stellings **WAAR** of **ONWAAR** is en motiveer jou antwoord deur **uit die teks aan te haal**.

2.4.1 Afrikaans het sy oorsprong net aan Afrika te danke. (2)
2.4.2 Afrikaans is 'n taal wat aan die uitsterf is. (Haal **twee opeenvolgende woorde** as bewys vir jou antwoord aan.) (2)
2.4.3 Beurse is vir belangstellendes beskikbaar. (2)
2.4.4 Die Departement Afrikaans en Nederlands kan jou in staat stel om te reis. (2)

**[14]**

**[30]**

==========================================================================



**(Blaai asseblief om)**

## **Vraag 2 – Opsomming**

- Lees die onderstaande teks versigtig deur.
- **Identifiseer VYF wenke wat jou sal help om makliker te leer.**
- **Begin elke sin met: Jy moet …**
- Skryf die sinne neer deur hulle van **1 tot 5 te nommer**.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 WOORDE** wees nie.
- Skryf jou totale aantal woorde aan die EINDE van jou opsomming neer.
- Gebruik dieselfde OPSKRIF as wat in die teks verskyn.
- Elke feit moet in EEN VOLSIN neergeskryf word.

# SUKKEL JY OM TE STUDEER?

### Dan moet jy leer hoe om te leer.
### Hier volg ’n paar WENKE wat jou sal help ...

Vir skole is die akademie belangrik en daarom bied skole die volgende wenke aan leerders.

Dit is baie belangrik dat jy vaste studietye by die huis het om die werk wat in die klas gedoen is, te hersien. Dan hoef jy nie bang te wees as die tyd kom om vir toetse of eksamens te studeer nie.

Jy moet ’n spesifieke plek in die huis hê waar alles bymekaar is waar jy jou skoolwerk kan doen. As hierdie plek georganiseerd is, sal jy nie nog tyd mors om te soek na notas of boeke nie.

’n Goeie hersieningsrooster bepaal jou eksamensukses, maar net as jy daarby hou. As jy by ’n goeie hersieningsrooster hou, help dit jou om die idee van “eet die olifant happie vir happie” te volg.

Daar word jaarliks winter- of lenteskole aangebied waar leerders klasse bywoon om hersiening te doen. Dit is baie belangrik dat leerders in graad 10 tot 12 gedurende vakansies hierdie klasse bywoon.

Alhoewel skoolgaande jongmense tyd moet hê om saam met vriende te ontspan, behoort daar vasgestelde reëls te wees. Hierdie reëls moet bepaal hoe laat jy gaan slaap en hoe laat jy mag uitbly.

**[Verwerk uit: *Kuier*, 28 April 2010]**

**[10]**

=================================================================

**TOTAAL: [40 verwerk na 30]**